**22 April**

**Skrifgedeelte: Matteus 12:22-24, 31-37**
**Fokusgedeelte: Matteus 12:36**

## Wees versigtig met jou uitsprake

Die Griekse woord vir “ligsinnig” kan ook met waardeloos, niksseggend, oneffektief, gewigloos en selfs lasterlik vertaal word. Dit sê Jesus na aanleiding van die Fariseërs se lasterlike uitspraak dat Hy duiwels deur Beëlsebul sou uitdryf (Matt. 12:24).

In die brief van Jakobus word die lesers teen die mag van die woord – of “tong” soos hy dit noem – gewaarsku. Hy vergelyk die tong met ’n roertjie in ’n groot skip, ’n stang in die bek van ’n perd en ’n klein vlammetjie wat ’n hele bos in vlamme kan laat opgaan. Almal baie klein, maar met die vermoë om groot verwoesting te saai. Dink maar net aan die gevolge van die woorde uit die bek van die slang teenoor Adam en Eva. Dit het die mens die paradys gekos! Of dink aan die uitroepe van die Jode: “Kruisig Hom”, asook: “Laat sy bloed op ons en ons kinders kom” (Matt. 27:23, 25). Daarmee het die Jode hulleself tot vyande van Christus verklaar tot vandag toe. Die gevolge van daardie uitroepe is te verskriklik om te bedink.

Daarom moet ons uiters versigtig wees wat ons voor ander sê – veral voor persone wat ons uitsprake hulle eie sal maak, soos kinders en soos ander wat ons hoog ag. Dink veral ook aan jou uitsprake met betrekking tot die Omkeerstrategie waarmee die kerke groot erns maak. Ons glo tog vas dat die Heilige Gees ons lei en met hierdie saak tot hiertoe gebring het. Wees dus versigtig – rekenskap sal op die oordeelsdag geëis word.

Vergeet ook nie wat Jesus hier openbaar nie, naamlik: dat dit wat jy sê, uit die oorvloed van jou hart voortkom. Dit wat jy uitdra, verraai dus die innerlike ingesteldheid wat óf goed óf sleg is. Soos jy ’n boom duidelik aan sy vrugte kan uitken – sò ook elke mens.

*Sing: Psalm 45:1, 2 (1936)*

*Ds. AS (Andries) Heystek (Emeritus)*